*Vrydag* **9 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 19 (enige vertaling)**
**Fokusgedeelte: Psalm 19:8-9**

**Deur die skepping leer ons die almag van God, deur die Gees dat sy Woord volmaak is en aan ons lewe gee**

Psalm 8 vra: Wat is die mens teenoor die grootsheid van God se skepping? Ons is meer as nietig, ook sondig en kan boonop nie ons eie dwalings raaksien nie, selfs nie ons verborge sonde nie. Ons wat dienaars van God is, kan maar net by Hom pleit dat ons woorde en gedagtes vir Hom aanvaarbaar sal wees.

Net soos by Dawid se Psalm 18, verval die dienaars van die Here nie in fatalisme nie, maar vind by God in innige persoonlike verhouding met Hom helderheid, vastigheid en diepe vertroosting. Hulle leer Hom waarlik ken.

Hulle sien saam met Dawid hoedat die hemel, die son, dag en nag ’n boodskap uitstuur, getuienis van God se mag, sy werke, dat Hy God is. Almagtige Skepper. Hoe begenadig ons is om Hom te kan ken!

Hierdie getuies buig ons aandag af na sy Woord in die Heilige Skrif. Wie met die Woord omgaan, word gou deur die Heilige Gees gelei om te besef dat sy Wet nie net swaar gebooie is nie, maar dat dit betroubaar is, wysheid gee vir wie nog onervare is, dit bring blydskap en koers, lewenskrag in jou lewe.

Waar die opeenvolging van dae en nagte, die son wat stralend daagliks opkom en weer ondergaan, ons herinner aan tyd en daarmee die aftel van ons verganklike dae, roep die aarde in sy gebrokenheid en verganklikheid die Woord se vervulling in die soenoffer van ons Here Jesus Christus op. Die skepping, getuies van God se mag, smag self na die bevryding van die verganklikheid, soos ons, met die wederkoms van ons Here.

In die omgang met die Woord van God openbaar die Gees Self aan ons die troos en betroubaarheid van God se werk. Hy laat ons vind dat die gebod van die Here helder is, sy eise goed, sy bepalings reg, elkeen van hulle regverdig. Jesus Christus Self het aan elkeen voldoen sodat ons kan hoop op ’n lewe in ewige heerliheid met Hom.

*Sing: Psalm 19-1:1, 4; Skrifberyming 18-6; 18-7:1, 3, 9*

*Ds. J (Jan) Malan (Emeritus)*